

IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA
VRYSTAATSE AFDELING, BLOEMFONTEIN

Saaknommer: 2120/2015

In die saak tussen:

CHARMAINE NEL

1ste Applikant

CHARMAINE NEL N.O.

2de Applikant

en

CECILIA VAN DEN HEEVER N.O.
EN 23 ANDER RESPONDENTE

1ste Respondent

AANGEHOOR OP: 25 FEBRUARIE 2016

UITSPRAAK DEUR: VAN DER MERWE, R

GELEWER OP: 21 APRIL 2016

[1] Hierdie aansoek het te make met die finansiële gevolge van die afsterwe van Mnr Johannes Stephanus van den Heever (die testateur) op 15 Desember 2013.

[2] Die testateur en Me Cecilia van den Heever is gedurende 1971 buite gemeenskap van goedere met mekaar getroud. Uit die huwelik is vier kinders gebore. Hulle is genoem Theo, Charmaine, Richard en Hannes. Richard is gedurende 2011 oorlede. Charmaine is tans getroud met Mnr André Nel.

- [3] Die testateur het 'n uitgebreide boerdery bedryf. Gedurende sy leeftyd het die testateur vier trusts opgerig en het hy van sy boerderybates aan van hierdie trusts oorgedra. Hierdie trusts dra die name van die vier kinders van die testateur en Me van den Heever. Hulle is die Theo van den Heever Trust, die Charmaine van den Heever Trust, die Richard van den Heever Trust en die Johan van den Heever Trust. Die eerste trustees van elk van hierdie vier trusts was die testateur, Me van den Heever en Mnr Jan-Dirk Heyns, 'n rekenmeester van die firma Enslins te Senekal. Dit was steeds die posisie ten tye van die testateur se afsterwe. Na die oorlye van die testateur is Mnr Theo van den Heever in sy plek aangestel as trustee van die Theo van den Heever Trust. Me Charmaine Nel is aldus as trustee van die Charmaine van den Heever Trust aangestel en Mnr Hannes van den Heever as trustee van beide die Richard van den Heever Trust en die Johan van den Heever Trust. Hierdie aansoek het besonderlik te make met die Charmaine van den Heever Trust (die trust). Die trust is 'n tipiese diskresionêre *inter vivos* trust, opgerig op 28 September 2001. Die testateur en Me van den Heever was ook trustees van 'n vyfde trust, die JS van den Heever Kinder Trust. Die huidige trustees van hierdie trust is Me van den Heever en Mnr Heyns.
- [4] Op 30 November 2012 het die testateur en Me Van den Heever 'n gesamentlike testament verly. Die testament maak voorsiening vir drie gebeurlikhede, naamlik dat die testateur eerste sterf, dat Me van den Heever eerste sterf en dat beide gelyktydig tot sterwe kom. Op die basis dat die testateur eerste sterf, is in die

testament bemakings aan Me van den Heever en aan elk van die vyf gemelde trust gemaak. Me van den Heever is ook as eksekutrise van die boedel van die testateur (die boedel) benoem. Me van den Heever is aldus aangestel en sy het, soos dikwels gebeur, 'n prokureur, Mnr. Japie De Clerk, aangestel om haar behulpsaam te wees om die pligte van eksekutrise uit te voer.

- [5] Me Charmaine Nel is die applikant hierin, in haar persoonlike hoedanigheid en haar hoedanigheid as trustee van die trust. As respondente is gevoeg Me van den Heever in persoonlike hoedanigheid en in die hoedanigheid van eksekutrise van die boedel, Mnr Theo van den Heever, Mnr Hannes van den Heever, die eggenotes van Mnr Theo en Hannes van den Heever, die trustees van al vyf die trusts, die eggenote van wyle Mnr Richard van den Heever, Mnr De Clerk, Mnr Heyns in sy persoonlike hoedanigheid, Mnr André Nel en die Meester van hierdie hof. Die aansoek word teengestaan deur Me van den Heever, Mnr Hannes van den Heever, die trustees van al die trusts en Mnr De Clerk. Geriefshalwe word na die partye wat die aansoek opponeer verwys as die respondente.
- [6] Die essensie van die aangevraagde regshulp is die verwydering van Me van den Heever en Mnr Heyns as trustees van die trust en die verwydering van Me van den Heever as eksekutrise van die boedel. Die meeste van die ander aangevraagde regshulp is insidenteel hiertoe. Sommige van die smeekbedes in die kennisgewing van mosie kan egter ter aanvang bespreek word.

- [7] Daar bestaan geen regsgrondslag vir die regshulp wat teen Mnr De Clerk aangevra is nie. Hy het te alle tersaaklike tye bloot as prokureur van Me van den Heever opgetree en sy voeging was onbehoorlik.
- [8] In die testament het die testateur sy ledebelang in Ulundi BK aan die trust bemaak. Die partye is dit eens dat dit 'n blote wanbeskrywing was. Die beslote korporasie ter sake is U 510 BK. Die respondente stem toe tot rektifikasie van klousule 2.2.1 van die testament deur die vervanging van Ulundi BK met U 510 BK. Me Nel het ook gevra vir rektifikasie van die testament tot die effek dat twee plase wat in die naam van Me van den Heever geregistreer is, deur die testateur aan die trust bemaak is. Die regshulp is wyslik by die aanhoor van die aansoek laat vaar.
- [9] Me Nel se repliserende verklaring is afgelewer op 31 Julie 2015. Op 30 November 2015 het sy aansoek gedoen vir die toelating van verdere getuienis. Die hof het 'n diskresie om in gepaste gevalle verdere verklarings in mosieverrigtinge toe te laat. Die vernaamste oorwegings by die uitoefening van hierdie diskresie is die rede waarom die getuienis nie tydig aangebied is nie, die relevansie en wesenlikheid van die getuienis en die nadeel wat die ander party of partye sal ly indien die getuienis toegelaat word. Dit gaan hier oor getuienis aangaande werksdokumente van Mnr Heyns rakende die veegetalle van die trust, aangaande 'n dokument wat voorgee 'n notule te wees van 'n vergadering van die trustees van die trust gehou op 15 Desember 2013 en aangaande dokumente wat Me Nel ingevolge hofreël 35(12) van die respondente verkry het. Die laasgemelde getuienis behoort

op grond van bogemelde oorwegings nie toegelaat te word nie. Die werksdokumente is ondanks herhaalde versoeke daartoe, eers gedurende November 2015 aan Me Nel beskikbaar gestel. Soos ek sal aantoon, is die getuienis met betrekking tot die werksdokumente relevant en wesenlik. Die respondente het sonder om afstand te doen van hul beswaar teen die toelating daarvan, en in 'n klaarblyklike poging om die afhandeling van die aangeleentheid te bespoedig, antwoordende verklarings ten opsigte van die beoogde nuwe getuienis afgelê. Daar kan dus geen werklike nadeel vir die respondente wees nie. Die gemelde notule was reeds aangeheg by die stawende eedsverklaring hierin, maar die getuienis daaromtrent is van dieselfde aard as die getuienis met betrekking tot die werksdokumente. Ek meen dat dit in belang van geregtigheid is dat hierdie verdere getuienis ook toegelaat word. Die getuienis met betrekking tot die werksdokumente en die notule word dus toegelaat.

- [10] Die aansoekprosedure is ontwerp vir die beslegting van regspunte op feite wat gemeensaak is of vasstaan. Egte feitegeskille kan nie op aansoekstukke besleg word nie, ook nie op waarskynlikhede nie. Wanneer sulke feitegeskille in aansoekstukke voorkom, moet die weergawe van die respondent daarom vir doeleindes van beslegting van die aansoek aanvaar word. Soms skep die antwoord van die respondent egter nie egte feitegeskille nie. Dit kan gebeur wanneer die respondent 'n blote ontkenning voorhou ten spyte daarvan dat die feite binne die respondent se besondere kennis val of wanneer die weergawe van die respondent so vergesog of duidelik onhoudbaar is dat dit op die stukke verwerp kan word.

[11] Me Nel het wydlopende bewerings van wangedrag en ongerymdhede aan die kant van die respondente gemaak, dikwels in ongetemperde en onnodig kwetsende taal. Me van den Heever het wydlopend hierop geantwoord, dikwels in dieselfde styl. Die resultaat is 'n rekord van meer as 1500 bladsye bestaande uit hoofsaaklik onoplosbare feitegeskille. 'n Verdere kompliserende faktor is die wyse waarop die testateur met die trustbates omgegaan het. Hy het in besonder skape en beeste aan die trust oorgedra, sonder om die diere te identifiseer en dan voortgegaan om met die trust se bates te boer.

[12] In die lig hiervan meen ek dat die volgende vrae beslis moet word. Die eerste vraag is of die verwydering van Me van den Heever en/of Mnr Heyns as trustees van die trust geregverdig is op grond van:

- (i) hul weiering om Me Nel en/of haar bloed – en aanverwante as enigste inkomstebegunstigdes van die trust te erken; of
- (ii) op grond van oneerlike wanvoorstelling by wyse van die voorlegging van die werksdokumente met betrekking tot die veegetalle van die trust en/of die notule van die beweerde vergadering van 15 Desember 2003; of
- (iii) die weiering of versuim om sestig beeste teen behoefte van die trust van die boedel te vorder.

Die tweede vraag is of Me van den Heever se standpunt dat 'n melkkudde nie 'n boedelbates is nie en dus nie in die likwidasië -

en distribusierekening van die boedel aangetoon word nie, haar ontheffing as eksekuत्रise van die boedel regverdig.

- [13] Artikel 9(1) van die Wet op die Beheer oor Trustgoed 57 van 1988 bepaal dat 'n trustee by die nakoming van sy pligte en die uitoefening van sy bevoegdhede met die sorgsaamheid, ywer en kundigheid moet optree wat redelikerwys verwag kan word van 'n persoon wat die sake van 'n ander hanteer. Ingevolge artikel 20 (1) kan 'n trustee te enige tyd op aansoek van die Meester of iemand wat 'n belang by die trustgoed het, deur die hof van sy amp onthef word indien die hof oortuig is dat sodanige ontheffing in die belang van die trust en sy begunstigdes sal wees. Hierdie bepaling gee aan die hof 'n baie wye diskresie, wat nie deur definisie beperk kan word nie. Dit is voldoende om te sê dat wesenlike oneerlike gedrag met betrekking tot die trust of versuim om in die belang van die trust en sy begunstigdes op te tree, ontheffing sou kon regverdig.

- [14] Klousule 2.8 van die testament bepaal soos volg:

“(2.8) **CHARMAINE VAN DEN HEEVER TRUST**

2.8.1 Ek versoek my Trustees om my dogter, **CHARMAINE NEL**, aan te stel as Trustee van gemelde Trust.

2.8.2 Ek bepaal voorts dat my gemelde dogter, **CHARMAINE NEL** en/of haar bloed- en aanverwante as enigste inkomste- en kapitaalbegunstigde aangewys word.”

Soos gemeld, is uitvoering gegee aan die wens van die testateur vervat in klousule 2.8.1. Op grond van klousule 2.8.2 voer Me Nel aan dat sy en haar gemelde verwante die enigste inkomste - en kapitaalebegunstigdes van die trust is.

- [15] Ingevolge die definisie daarvan in die trustakte van die trust, is die vestigingsdatum essensieel die datum waarop die trustees in hul uitsluitlike diskresie trustbates aan die trustbegunstigdes oordra. Die trustakte omskryf die inkomstebegunstigdes van die trust soos volg:

“1.1.1 **Inkomstebegunstidges**, naamlik die bevoordeeldes wat ingevolge die diskresionêre magte waarmee die **TRUSTEE(s)** bekleed is, uit inkomste van die trust bevoordeel kan word, welke bevoordeeldes gekies kan word uit die geledere van die **EERSTE TRUSTEE**, sy of haar **GADE** en/of die kapitaalebegunstigdes en hulle bloed- en aanverwante.”

Die kapitaalebegunstigdes van die trust is die wettige afstammeling van die testateur by wyse van plaasvervulling per stirpes of trusts of regsentiteite geskep ten behoeve van die afstammeling. Die “Eerste Trustee” is die testateur. Teen hierdie agtergrond bepaal klousule 12.1 van die trustakte soos volg:

“12. **BEËINDIGING VAN TRUST**

- 12.1 By beëindiging van die trust ingevolge enige van die moontlikhede genoem onder die woordomskrywing van vestigingsdatum, word die trustfonds wat op die tydstop

beskikbaar is gelykop tussen die kapitaalebegunstigdes verdeel.

Nieteenstaande hierdie verdeling op die vestigingsdatum:

- 12.1.1 verkry die **EERSTE TRUSTEE**, die reg om by wyse van 'n testamentêre geskrif, die verhouding en formule waarin en waarop die trustfonds onder die kapitaalebegunstigdes verdeel moet word, aan te dui;
- 12.1.2 die bevoordelings volgens die testamentêre geskrif hoef nie noodwendig gelyk in grootte, waarde of omvang te wees nie.
- 12.1.3 Indien hy sou versuim om self hierdie reg uit te oefen, geskied die verdeling tussen die kapitaalebegunstigdes van die trustfonds soos hiervoor gemeld."

[16] Na die afsterwe van die testateur het Me van den Heever en Mnr Heyns, toe die enigste trustees van die trust, ingevolge die omskrywing van inkomstebegunstigdes van die trust vir Me van den Heever aangewys as enigste inkomstebegunstigde daarvan vir die tydperk tot einde Augustus 2014. Hulle betwis nie dat die testateur by wyse van die testament die kapitaalebegunstigdes van die trust kon aanwys nie, maar voer aan dat die testateur nie die reg gehad het om die inkomstebegunstigdes per testamentêre geskrif te bepaal nie. Die datum einde Augustus 2014 is bepaal aan die hand van hul standpunt dat die jaarlikse huurkontrak ingevolge waarvan die testateur die vee van die trust gehuur het,

toe sou verstryk. Hulle verklaar dat 'n vergadering om inkomstebegunstigdes soos vanaf 1 September 2014 te kies, as gevolg van die onderhawige dispute nog nie plaasgevind het nie.

- [17] Na my oordeel moet die respondente gelyk gegee word. Dit is 'n fundamentele beginsel van ons reg dat niemand meer regte kan oordra dan waaroor hy of sy beskik nie. Hieruit volg dat 'n persoon nie regte kan uitoefen waaroor hy nie beskik nie, of as gevolg van die oordrag daarvan, nie meer beskik nie. Volgens die duidelike bewoording van die trustakte het die testateur as oprigter van die trust by wyse van ooreenkoms met die trustees, die reg om inkomstebegunstigdes van die trust aan te wys, aan die trustees oorgedra. Die testateur het slegs regte met betrekking tot kapitaalebegunstigdes behou. Volgens die trustakte is dit ook slegs die reg om die verhouding en formule waarin en waarop die trustfonds onder kapitaalebegunstigdes verdeel moet word, wat voorbehou is. Wat dit presies beteken, is nie nodig om nou te beslis nie; dit is voldoende om te sê dat dit niks met die aanwysing van inkomstebegunstigdes te doen het nie. Dit volg dat klousule 2.8.2 van die testament 'n oneffektiewe bepaling is waaraan nie gevolg gegee kan word nie. Die argument namens Me Nel dat die bepaling van die trustakte deur die testament gewysig is, kan dus nie opgaan nie. Bowendien bepaal klousule 15 van die trustakte hoe wysiging daarvan moet plaasvind, naamlik by ooreenkoms tussen die testateur en die trustees en na sy afsterwe, by ooreenkoms tussen die trustees en die handelingsbevoegde begunstigdes van die trust. Die inkomstebegunstigdes van die trust moet dus ingevolge die

trustakte aangewys word. Dit volg dat daar nie 'n saak vir die ontheffing van die trustees op hierdie grondslag uitgemaak is nie.

- [18] Een van die groot twispunte tussen Me Nel aan die een kant en Me van den Heever en Mnr Heyns aan die ander kant, was die hoeveelhede en beskrywing van die vee wat die trust toekom. Daarom het Me Nel 'n versoek gerig dat dokumentasie hieromtrent aan haar beskikbaar gestel word. Na herhaalde versoeke het Mnr Heyns afskrifte van ses werksdokumente aan Me Nel beskikbaar gestel. Die oorspronklike werksdokumente vorm deel van die rekord voor my. Hierdie werksdokumente gee die veegetalle van die trust aan soos op 25 Junie 2009, 12 Augustus 2010, 6 April 2011, 20 April 2012, 5 Maart 2013 en 4 Maart 2014. Behalwe die werksdokument ten opsigte van veegetalle soos op 25 Junie 2009, bevat elk van die werksdokumente 'n nota gemaak deur Mnr Heyns. Elk van die dokumente bevat 'n handtekening vir Mnr Heyns en, behalwe vir die werksdokument ten opsigte van die veegetalle soos op 4 Maart 2014, 'n datum wat deur hom aangebring is. Die werksdokumente gee voor onderteken te gewees het deur Mnr Heyns op onderskeidelik 26 Junie 2009, 11 of 13 Augustus 2010, 8 April 2011, 22 April 2012 en 5 of 6 Maart 2013. Die handtekeninge en datums op die werksdokumente was duidelik bedoel as aanduiding van die goedkeuring of bevestiging van die inhoud daarvan deur Mnr Heyns. Daar is geen twyfel nie dat hierdie werksdokumente opgestel was met die doel om voor te gee dat dit kontemporêre dokumente was. Deur die blote oorhandiging van die werksdokumente is dus voorgestel dat die werksdokumente deur Mnr Heyns goedgekeur is op die

onderskeie datums wat hy daarop aangebring het. Mnr Heyns het dit ook tydens 'n vergadering mondelings so aan Me Nel voorgehou.

- [19] Dit is egter tans gemeensaak dat hierdie voorstellings vals was. Die werksdokumente het almal eers gedurende November 2015 tot stand gekom. Dit is ook duidelik dat Mnr Heyns met hierdie valse voorstellings sou volgehou het, indien hy nie “uitgevang” was by wyse van die datums en reeksnommers wat drukker in fynskrif op die werksdokumente aangebring het nie. Dit mag wees dat die veegetalle wat op die werksdokumente aangedui was, korrek was, soos beweer word. Daar is gesê dat die korrekte veegetalle jaarliks in konsultasie met die testateur by wyse van notas op die vorige jaar se finansiële state aangebring is en sulke dokumente is voorgelê. Maar dit maak die fabrikasie van die werksdokumente nog meer onverstaanbaar. En dit neem niks weg van die objektiewe feite dat 'n persoon wat veronderstel was om as 'n professionele onafhanklike trustee te dien, opsetlik valslik aan 'n mede-trustee voorgegee het dat die werksdokumente kontemporêr en eg was. Dit stel wesenlike oneerlikheid en verbreking van die pligte van 'n trustee daar. Dit is opvallend dat Mnr Heyns nie 'n verduidelikende verklaring afgelê het nie, maar by wyse van 'n bloot bevestigende verklaring dit aan Me van den Heever oorgelaat het om die onverdedigbare te probeer verdedig. Dat sy lustig daaraan meegewerk het, strek tot haar diskrediet.

- [20] Dit bring my by die notule van die beweerde vergadering van 15 Desember 2013. Hierdie notule gee voor dat 'n vergadering van

die trustees van die trust op 15 Desember 2013 te Senekal plaasgevind het en dat die notule daarvan op daardie datum en plek deur beide Me van den Heever en Mnr Heyns voor dieselfde twee getuies onderteken was. Die notule gee voor dat slegs een besluit geneem is, naamlik:

“WINSVERDELING:

Dat die winsverdeling ten opsigte van die jaar geëindig 15 Desember 2013 aan die ondergemelde begunstigdes uitgekeer word.

Chané Nel	R60 000.00”
-----------	-------------

Chané Nel is 'n dogter van Me Nel. Me van den Heever en Mnr Heyns gee toe dat 'n vergadering nie te Senekal gehou is nie en dat die notule daarvan nie op 15 Desember 2013 onderteken is nie. Me van den Heever was op daardie datum te Bloemfontein en Mnr Heyns met vakansie by die kus. Beide hou egter vol dat hulle die voormelde besluit tydens 'n telefoniese gesprek op 15 Desember 2013 geneem het.

- [21] Dit is uiters raar dat getuienis in eedsverklarings as vals verwerp kan word. Na my oordeel is hierdie so geval. Me van den Heever was op 15 Desember 2013 in Bloemfontein by die sterfbed van die testateur. Me Nel sê dat haar vader omstreeks 19h30 gesterf het en daar is geen rede om dit te betwyfel nie. Dit moet aanvaar word dat Me van den Heever diep bedroef was as gevolg van die afsterwe van haar eggenoot met wie sy meer as 40 jaar lank gelukkig getroud was. Mnr Heyns sou haar geskakel het om te simpatiseer en gedurende hierdie gesprek is die besluit

beweerdelik geneem. Die finansiële jaar van die trust het op 28 Februarie 2014 geëindig, nie 15 Desember 2013. Me van den Heever en Mnr Heyns sê nie dat hul by die geleentheid ook besluite ten aansien van die ander trusts geneem het nie. Die getuienis van Me van den Heever en Mnr Heyns dat hulle in hierdie omstandighede hierdie besluit geneem het is so vergesog en duidelik onhoudbaar dat dit verwerp moet word. Die gevolg is dat ek moet aanvaar dat 'n vals dokument deur beide trustees van die trust tot stand gebring is en waarvoor hul geen aanvaarbare verduideliking gegee het nie. Dit is so selfs op hulle eie weergawe.

- [22] Dit is gemeensaak dat die finansiële state van die trust soos op 28 Februarie 2012, 28 Februarie 2013 en 28 Februarie 2014 aantoon dat die trust oor 90 vleisbeeskoeie beskik. Op die basis dat die testateur hierdie koeie gehuur het, sou die boedel by verstryking van die huurkontrak 90 vleisbeeskoeie aan die trust moes lewer. Dit is gemeensaak dat die trust ontvangs van slegs 30 koeie geneem het. In die testament het die testateur verklaar:

“2.2.3 Ek plaas dit op skrif dat die 56 vleisbeeste wat tans by **ANDRÈ NEL**, my skoonseun wei, reeds gekoop is en dus nie deel vorm van my boedel nie.

2.2.4 Ek bevestig dat ek tans die vleisbeeste en skape van die **CHARMAINE VAN DEN HEEVER TRUST (IT141/2002)** namens die Trust boer en vorm dit dus nie deel van my Boedel nie. Die korrekte veegetalle wissel as gevolg van aanwas en vrektes, maar word volledig bygehou deur my Ouditeur, **JAN DIRK HEYNS** van **ENSLINS, SENEKAL**.”

Op grond hiervan sê Me Nel dat hierdie 56 vleisbeeste nie teen die 90 vleisbeeste van die trust in berekening gebring kan word nie. Volgens haar het Mnr. André Nel die 56 beeste gedurende 2012 by die testateur gekoop en kontant daarvoor betaal. Me van den Heever weier om mee te werk om die 60 vleisbeeskoeie aan die trust te laat toekom en voer aan dat die 56 vleisbeeste wat in die testament vermeld word, reeds aan die trust gelewes is.

[23] Hoe graag ek ookal duidelikheid aan die partye hier omtrent sou wou gee, is dit nie moontlik om hierdie geskil op te los nie. Dit kom vreemd voor dat die testateur op 30 November 2012 verkeerdelik in die testament sou verklaar dat die 56 beeste gekoop was. Die konteks van die testament steun ook nie die respondente se uitleg nie. Ten aansien van die bemaking aan die Theo van den Heever Trust het die testateur byvoorbeeld verklaar dat die vee reeds in besit daarvan was. Aan die ander kant het Me Nel daarop gesteun dat die getal vleisbeeskoeie van die trust volgens die finansiële state daarvan tussen 28 Februarie 2011 en 28 Februarie 2012 verminder is van 140 na 90. Dit sou egter dui op 'n verkoping van 50 koeie deur die trust en nie deur die testateur nie. Die besonderhede van die kooptransaksie is ook baie vaag en Mnr André Nel het nie 'n verklaring afgelê nie.

[24] Wat egter wel duidelik is, is dat Me van den Heever in 'n wesenlike belangebotsing tussen die boedel en die trust, onomwonde die kant van die boedel gekies het. Daar is ten minste redelike gronde vir die standpunt dat die boedel 60 koeie aan die trust verskuldig is. 'n Redelike trustee behoort stappe te

neem om hierdie vordering van die trust af te dwing. Deur botweg te weier dat die boedel die 60 koeie aan die trust lewer, het Me van den Heever haar pligte as trustee wesenlik versaak en sal sy klaarblyklik voortgaan om so te doen. Hierin is sy heelhartig deur Mnr Heyns ondersteun.

- [25] Op grond van die faktore wat ek gemeld het, is ek oortuig daarvan dat dit in belang van die trust en die trustbegunstigdes daarvan is dat beide Me van den Heever en Mnr Heyns uit die amp van trustee van die trust verwyder moet word. Die trustakte bepaal dat daar te alle tye minstens twee trustees moet wees, maar swyg oor hoe 'n verdere trustee of trustees aangewys moet word. Dit moet dus geskied ingevolge artikel 7 van Wet 57 van 1988.
- [26] Die melkkudde wat hier ter sake is, is van groot waarde. Dit bestaan uit 300 koeie in melk en 300 jong diere. Die getuienis van Me van den Heever aangaande die eiendomsreg van die melkkudde is weersprekend en onoortuigend. Sy het aanvanklik gesê dat die melkkudde gedurende 2008 deur die testateur aan die Johan van den Heever Trust oorgedra is. Later het sy gesê dat dit gedurende 2009 gebeur het. Dit strook egter nie met ander getuienis van Me van den Heever nie. Sy het gesê dat Mnr Richard van den Heever tot en met sy oorlye gedurende 2011, vir die testateur bygestaan het met die melkboerdery, dat Mnr Richard van den Heever “geoormerk” was om mettertyd die melkboerdery “oor te neem en/of te erf” en dat na die oorlye van Richard gedurende 2011, die testateur die meeste van die testateur se melkbeeste op 'n veiling verkoop het en slegs 80

verse oorgehou het. Sy het gesê dat na die dood van hul seun Richard, "... het ons jongste seun Hannes sy pa met die melkery begin help – tot sy pa se afsterwe in Desember 2013" en dat Mnr. Hannes van den Heever vanaf 2011 uit hierdie 80 verse weer 'n kudde van 600 melkbeeste opgebou het. Dat 'n werklike oordrag van die melkkudde aan die Johan van den Heever Trust geskied het voor die oorlye van die testateur, rym ook nie met ander getuienis nie. Hierdie getuienis sluit in dat die testateur in hart en siel 'n melkboer was en dat die melkery sy "lewe" was, dat meer as 600 melkbeeste ten tye van sy dood by die SA Stamboekvereniging in die naam van die testateur geregistreer was en veral dat hy in sy testament "al my melkbeeste" aan die Johan van den Heever Trust bemaak het.

- [27] Nogtans is dit na my oordeel nie moontlik of gepas om 'n finale bevinding hieroor te maak nie. Alhoewel onwaarskynlik, kan die getuienis van Me van den Heever hieroor nie op bogemelde beginsels op sigwaarde verwerp word nie. Dit is myns insiens boonop voortydig om tans 'n beslissing oor die eiendomsreg van die melkkudde te maak. Die proses vervat in artikel 35 van die Boedelwet 66 van 1965 moet nog voltooi word. Die likwidasie - en distribusierekening moet nog geadverteer word en ter insae lê. Daarna kan ingevolge artikel 35 (7) beswaar daarteen aangeteken word en moet sodanige 'n beswaar ingevolge artikel 35 (9) deur die Meester beslis word. Iemand wat veronreg voel deur die beslissing van die Meester, kan ingevolge artikel 35 (10) daarna by hierdie hof aansoek doen om 'n bevel om die Meester se besluit tersyde te stel. Ek meen egter dat dit in die besondere omstandighede van hierdie saak nie onvanpas is om te sê dat die

respondente ernstig behoort te besin oor die vraag of die melkkudde in die likwidasië - en distribusierekening van die boedel opgeneem moet word of nie. Dit volg dat die verwydering van Me van den Heever as eksekutrisë van die boedel nie veroorloof is nie.

[28] Me Nel was deels suksesvol en die respondente het deels sukses behaal. Die sentrale opponerende litigante is moeder en dogter. In die uitoefening van my diskresie met betrekking tot koste meen ek dat dit billik en regverdig is dat geen kostebevel verleen word nie.

[29] Die volgende bevel word gemaak:

1. Die testament van wyle Johannes Stephanus van den Heever en Cecilia van den Heever, gedateer 30 November 2012, word gerektifiseer deur in klousule 2.2.1 daarvan die woorde "Ulundi BK" deur te haal en te vervang met die woorde "U 510 BK".
2. Die vierde respondent en die twintigste respondent word onthef as trustees van die Charmaine van den Heever Trust (IT 141/2002).

CHG VAN DER MERWE, R

Namens die applikant: Adv. N Snellenburg SC
 In opdrag van: Honey Prokureurs
 Bloemfontein

Namens die respondente: Adv. HJ Benade
In opdrag van: Symington & De Kok
Bloemfontein

pc